

Inhoud Nagmaal Liggaam voedsel drank opkikkers steroïdes. Hierdie preek wys hoe die Here ons geestelike voedsel en drank is. Hy is dit deur ons in te lyf en te laat deel in wie Hy as mens vir God was en wat Hy vir God gedoen het as die Christus, en wie Hy vandag as mens in die hemel is en vandag vir God doen in die hemel. Hierdie preek wys dat ongelowige mense nie geestelike voedsel en drank soek nie, maar goddelike opkikkers. Goddelike opkikkers wat hulle kragdadig en veglustig vir God maak. Christus laat ons met God en diensbaar vir God in sy liefde leef, nie kragdadig en veglustige nie. Geestelikes maak ons God se kragmanne en vroue wat namens God kragvertonings gee en baasspeel. Die verskil is of jy glo in Jesus se lydingsbeker en die nagmaalsbeker ontvang en gebruik, en of jy saam met Jesus sy lydingsbeker wil drink en saam met Hom 'n godemaal wil vier.

Skriflesing Johannes 6: 47 – 59; Markus 10: 32 – 45

Teks Joh. 6: 55 “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.”

Tema Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien. Hy is nie ons goddelike opkikker vir kragvertonings nie.

1. Ons gaan vanoggend se preek en nagmaal met 'n voorbeeld verduidelik. Die kinders! Die Here Jesus sê vir die Jode Hy is die ware voedsel en die ware drank. Daarmee wys die Here die Jode dat hulle met goed besig is in hulle godsdiens wat nie regtig geestelike kos en drank is nie.

Hier aan my regterhand op die kansel het ek vanoggend voedsel en drank. Dit is 'n wortel, appel, perske en pruim, en 'n glas water. Dit is regtig kos en drank. Hier aan my linkerkant op die kansel het ek heeltemal iets anders. Dit is opkikkers. Opkikkers is nie voedsel en drank nie.

Hierdie poeier in hierdie glas is een van die opkikkers wat jy in apteke en supermarkte kan koop. Daar is al sommer 'n hele lank rak vol van hierdie poeiers in verskillende houers en verskillende name. Al hierdie poeiers is opkikkers. Dit is nie kos nie. In hierdie spuitnaald is daar ook 'n vloeistof. Dit lyk soos iets wat jy kan drink, maar jy kan dit nie drink nie. Dit is 'n vloeistof, maar nie drank nie. Jy moet dit in jou liggaam inspuit met hierdie naald waarin die vloeistof is. Dit word 'n anaboliese steroïed genoem. Die tieners noem dit “steroids.”

2. Hoe verskil kos en drank van opkikkers?

Kos en drank gee jou alles wat jy nodig het om as mens te kan leef en te kan werk. Dit is al die regte ware goed wat jou lewe gee en krag gee om regte werk te kan doen: water, proteïene, vette, olies, vitamienes en minerale.

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

Opkikkers is sommer kunsmatige goed wat mense self gemaak het wat net een ding doen – dit maak jou spiere baie vinnig baie groot! Mense gebruik opkikkers om gou-gou groot spiere te kry waarmee hulle in speedo's en bikini's 'n kragvertoning met hul supergroot spiere gee.

Julle het mos al almal in tydskrifte, op TV of op julle selfone sulke prentjies gesien van mense wat met sulke abnormale groot spiere pronk. Dit het hulle gekry deur opkikkers.

Kos en drank gee lewe en krag op jou werk te doen. Opkikkers gee jou baie gou – gou supergroot spiere, maar dit maak jou stadig dood en baie humeurig en bakleierig. Opkikkers maak dat jou hart en lewe ingee, terwyl jy vir 'n rukkie groot spiere het. Opkikkers maak dat jy met almal humeurig is en met almal net wil baklei.

Wat is die beste? Kos en drank wat jou lewe gee en krag om jou werk mee te doen, of opkikkers wat jou vinnig groot spiere gee, maar stadig doodmaak en bakleierig maak? Die ooms wat opkikkers maak en verkoop vang jongmense met die volgende slagspreuk om eerder opkikkers as kos en drank te gebruik. Een van ons jongmense het my vertel toe hulle aan hom opkikkers wou verkoop het hulle vir hom gesê: “Wil jy tot 80 leef soos 'n muis of tot 40 soos 'n Leeu?

Soos 'n leeu wees met superspiere en dan doodgaan of vir 80 jaar lank soos 'n klein muisie leef? Kan julle sien hoe moeilik maak hierdie skelms dit? Hulle laat opkikkers baie beter klink as kos en drank, terwyl jy weet dit gaan jou doodmaak en bakleierig maak.

3. Die nagmaal vanoggend hier op die tafel voor ons, is nie opkikkers nie. Dit is brood en wyn, kos en drank, maar dit is nie die voedsel en drank wat die Here van praat in Johannes 6 nie. Hierdie brood en wyn op die tafel is 'n teken, nie die regte geestelike kos en drank wat die Here vir ons gee nie.

Hierdie teken wat die Here vir ons gee, wys ons wat is regte geestelike kos en drank, sodat ons nie die geestelike opkikkers wat predikante, pastore en priesters aan mense wil gee sal gebruik nie, maar die regte geestelike kos en drank wat die Here vir ons gee.

Hierdie teken wys ons die verskil tussen regte geestelike kos en drank, en geestelike opkikkers. Daarom is dit net 'n teken wat ons help om die ware voedsel en drank wat ons die ewige lewe gee en diensbaar maak aan God te kan herken en gebruik. Dit wys ons wat is die opkikkers waarvan ons moet wegbly.

4. Wat is ons ware en regte geestelike kos en drank? Die Here Jesus sê dit in sy eie woorde aan die Jode in Johannes 6: “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.”

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

Dit is sy regte liggaam wat Hy as mens het en sy regte bloed in sy are wat Hy as mens het, wat ons kos en drank is. Die brood en wyn op die nagmaaltafel is nie die ware geestelike kos en geestelike drank nie.

Wat bedoel die Here as Hy dit sê: “My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank?”

Dit verduidelik die Here aan sy dissipels in Markus 11: 32 – 34. Hy gaan as mens vir hulle sondes veroordeel word tot die dood, en uitgelewer word om gekruisig te word en te sterf vir hulle sonde, en dan gaan Hy weer as mens lewend uit die dood uit opstaan sodat Hy alles wie Hy vir sondes is met hulle kan deel. Die Here wys dat Hy sy lewe op hierdie wyse as losprys gee vir ons sondes. (Mark. 10: 45) Johannes noem dit ons het “gemeenskap” met Hom – ingesluit en deel van wie Jesus as mens vir ons in ons plek in die hemel is.

So is Jesus se menswees, sy menswees van liggaam en bloed in die hemel vandag, ons voedsel en drank! Hy is só ons geestelike voedsel end drank! Hy is vir ons sonde veroordeel en uitgelewer om die straf as sondaar te dra en Hy sluit ons in in sy onskuldigheid, sy heiligheid en regverdigheid en dit maak ons vir God onskuldig, heilig en regverdig. Hy gee sy lewe as losprys vir ons sondes.

5. Hoekom noem Jesus Homself ons geestelike voedsel en drank?

Want dit wat Hy met ons deel laat ons vir God leef en werk!

Dit is mos wat kos en drank doen! Kos maak jou sterk en gesond om met God te leef en vir Hom te werk as ’n mens wat vir God sonder skuld, straf of sonder sy oordeel is. Dit maak jou ’n mens wat altyd vir God goed, reg en volkome is. Só versterk die Here ons as mense om met Hom as God saam te leef. Johannes noem hierdie lewe só met God in sy liefde – die ewige lewe met God!

Drank verkwik jou as jou uitgeput is! Dit is ook wat ons eenheid met die Here as mens doen! Wanneer ons sondes ons uitput en moeg maak met skuld, die wete van straf en veroordeling, die wete dat ons vir God nie reg, goed en heilig is nie, dan ontdek ons weer ons ingesluit is in Christus en vir God strafloos, reg, goed en heilig is. Dit laf en verkwik ons weer. Hy maak ons altyd sterk en gesond in ons lewe met en werk vir God!

Daarom word alles wie Hy as mens was en gedoen het en vandag vir ons in die hemel is, ons voedsel en drank genoem!

Hierdie nagmaalsbeker en nagmaalsbrood hier op die tafel is nie ons geestelike voedsel en drank nie. Dit is die teken waarmee die Here ons verseker Hy is ons

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

geestelike voedsel en drank! Hy gee ons die geestelike krag en gesondheid om met en vir God te leef! Dit is – ons onskuldigheid, regverdigheid en heiligheid vir God!

6. Die Here Jesus vertel sy dissipels Hy is hulle geestelike kos en drank, maar hulle hoor Hy is hulle opkikker, Hy is hulle steroids!

Dit is mos presies net wat met tieners en jongmense gebeur. Wanneer jy vir party van hulle vertel wat hulle sterk en gesond sal maak, dan hoor hulle net steroids. Dit is presies wat gebeur met die Here se dissipels wanneer die Here vir hulle in Mark. 11 verduidelik dat Hy vir hulle sondes moet veroordeel word, uitgelewer word, moet sterf en dan uit die dood uit moet opstaan om dit met hulle te deel.

Sy dissipels Johannes en Jakobus, hoor dadelik dat as Jesus doodgaan, gaan sy posisie as koning van Israel oopgaan. Daarom vra hulle of hulle sy magsposisie kan kry, wanneer Hy doodgemaak sal word in Jerusalem. Hulle wil sy opvolgers wees wanneer Hy doodgaan. Hulle hoor en glo niks van dat Hy uit die dood regtig gaan opstaan nie.

Jesus wys vir hulle dat hulle nie kan doen wat Hy vir hulle gaan doen nie met 'n vraag: “Kan julle die lydingsbeker drink wat Ek gaan drink of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?” Jesus bedoel: kan julle as sondelose mens deur God veroordeel, vervloek en gestraf word sodat julle deel kan wees van My onskuldigheid, regverdigheid en heiligheid, kan julle die losprys wees vir sondaars se sondes?”

En dan sê hulle uitdagend: “Ons kan!”

Wat bedoel hulle?

Hulle bedoel dat hulle Jesus sien as 'n mens wat deur God opgekikker is met geestelike steroids om vir God te baklei, vir God humeurig te wees en met sy goddelike kragvertoning dan mense te oorheers as 'n koning wat almal aan God se wet onderwerp en die wat nie na die wet van God wil luister nie, dood te maak. En dit kan hulle ook wees en doen! Hulle kan ook God se krag kry om vir God te baklei, mense vir God te onderwerp en dood te maak. Dit is wat hulle geglo en gedink het: God se goddelike krag, goddelike lewe, goddelike wil en Naam kan hulle opkikker en dan sal hulle net soos Jesus opgekikker wees om vir God spiere te wys en te baklei.

Hulle wil vir God leeus wees vir 'n rukkie en dan vir God doodgaan. Hulle wil nie God se muise wees nie! Net soos hulle gesien het dat Jesus is God se Leeu wat vir God se krag uitbeeld, vir God baklei en bereid is om as Leeu vir God dood te gaan.

Ons kan!

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

7. Jesus weet in hulle bygeloof in goddelike krag om vir God spiere te wys en te baklei, kan hulle nie 'n woord hoor van wat Hy vir hulle vertel dat sy liggaam en bloed is voedsel en drank en nie opkikkers nie!

Daarom gee die Here vir hulle 'n antwoord wat hulle eers sal verstaan wanneer Hy hulle by Hom as mens in die hemel ingesluit het om alles wat Hy vir hulle gedoen het en is, met hulle te deel! Jesus sê dat hulle die beker sal drink wat Hy drink en met sy doop gedoop word!

Kyk na die woordverskil! Die Here vra kan julle die lydingsbeker drink wat Ek drink? En wanneer hulle Hom verkeerd verstaan, dat hulle kan doen wat Hy doen, dan noem Hy dit nie meer sy lydingsbeker nie, maar net "die beker", en hierdie beker is die nagmaalsbeker!

Die lydingsbeker is Jesus s'n. Die veroordeling en straf van God vir sondaars, en die eis om onskuldig, reg en heilig te leef. Die nagmaalsbeker is ons beker! Nie Jesus se lyding en straf nie. Net soos die doop met water ons doop is, maar die straf en vloek van God sy doop is!

Hy gee ons sy liggaam en bloed, Hy sluit ons by Hom in om ons voedsel en drank te wees, om altyd as God se onskuldige kinders met God te leef wat Hy vir Homself goed, reg en heilig laat wees.

Hulle wil Jesus se goddelike mag en krag hê as hulle opkikkers om vir God te baklei en Hy gee vir hulle 'n teken, die beker, dat Hy ons insluit in wie Hy as mens is, om ons geestelik kos en drank te wees.

Wie die beker as teken ontvang dat Jesus sy voedsel en drank is, wil nie die leeu wees wat oor ander mense baasspeel nie. Hierdie beker maak jou ook nie 'n muis nie. Dit maak jou nie die mens oor wie al die ander mense wat leeu is, kan baasspeel nie. Dit maak jou dienaar van die Here!

8. Die grootste fout wat ons hier met die Here se woorde kan maak is dat die Here vir sy dissipels sê dat wanneer hulle bereid is om dienaars te wees vir 'n rukkie dan sal hulle goddelike mag ontvang om saam met die Here op trone te sit. Die Here gee 'n voorbeeld om presies die teendeel te wys. Om leeu vir God te wees en spiere te wys vir mense, te baklei met mense en hulle te onderwerp met jou groot spiere, is wat die ongelowige baasspelers van hierdie goddelose wêreld met mense doen. Hulle glo hulle superspiere maak hulle soos God vir mense en mense moet bly wees dat hulle base met sulke groot spiere het wat met hulle baklei!

Christus het nie superspiere kom wys nie, nie God se goddelike krag en mag kom vertoon en met goddelose mense kom baklei en hulle aan sy mag onderwerp nie. Hy het as Dienaar gekom om die losprys te wees vir sondaars sodat Hy sondaars sterk

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

en gesond maak om met en vir God te leef. Dit maak jou die mens wat vir altyd in God se liefde leef en vir altyd dit kan doen waarvoor God jou as Skepper gemaak het – en dit is kragtig! Kragtig en gesond om te dien!

Jesus kik jou nie op om God se krag, mag, lewe en Naam te wys en vir God humeurig met goddeloses te wees en vir God te baklei nie. Wie vir God 'n bakleier wil wees, is maar net nog 'n goddelose mens wat wil baasspeel oor ander mense.

Christus is ons voedsel en drank om met God te leef en Hom te dien. Hy gee ons nie goddelike opkikkers, sodat ons namens God oor ander baas speel met goddelike spierkrag terwyl ons eintlik besig is om as mense innerlik dood te gaan nie.

Christus drink vir ons die lydingsbeker van God sodat ons die nagmaalsbeker kan drink – 'n teken dat ons nie vir ons sondes ly nie maar losgekoop is om met en vir God in sy liefde te leef en Hom te dien.

9. Wie maak opkikkers en wie maak voedsel en drank soos water?

Opkikkers is kunsmatig. Mense maak dit asof dit superkos is, en superdrank is, maar dit is kunsmatige poeiers en inspuittings! Dit is nie kos en drank nie!

God het nêrens iewers in sy skepping vir ons opkikkers gemaak, goed wat ons net groot spiere gee nie. Alles wat God vir ons gee as kos en drank in die hele skepping, maak ons sterk en gesond, verkwik ons en laaf ons.

Opkikkers is goed wat mense kunsmatig maak omdat hulle probeer om God na te maak en beter te wees as God wat voedsel en drank maak, om mense kragtiger met opkikkers te maak as God wat mense sterk en gesond maak.

Vandag is daar baie predikante en pastore wat kunsmatig geestelike opkikkers maak asof dit beter is as die geestelike voedsel en drank wat die Here vir ons is.

Ek gaan vir u 'n paar van hierdie geestelike opkikkers noem, net soos wat hulle dit bemark: wil jy vir 40 jaar soos God se leeu leef of God vir 80 jaar as God se muis?

Hulle sê vir mense hulle het 'n geestelike steroid wat hulle baie kragtiger sal kan laat bid, gehoorsaam wees aan God en vir God siele kan laat wen – en die steroid se naam is “God se eie goddelike krag.” Hierdie geestelike steroid, “God se eie goddelike krag” is nie iets wat die Here vir ons gee as voedsel en drank nie. Dit is 'n kunsmatige geestelike opkikker! 'n Namaaksel van voedsel en drank wat jou innerlik vir God gaan doodmaak terwyl jy dink jy wys god se spiere!

'n Ander steroid wat predikante, pastore en priesters opmaak noem hulle “God se goddelike lewe”. Hulle vertel vir jou as jy net jy eie menslike lewe vir God leef en met

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

jou eie menslike lewe saam met God leef, is jy God se muis. Jy kan met God se eie goddelike lewe leef. Jy moet dan net jou eie lewe los en God toelaat om sy goddelike lewe deur jou te leef. Dit is God jou opkikker om 'n baie kragtiger en magtiger lewe te leef. En wat maak hierdie steroid “God se goddelike lewe” met jou? Dit maak jou menswees in jou innerlik dood vir God en maak dat jy met ander mense humeurig en bakleierig is om hulle te beïndruk en te verdring met jou goddelike lewe.

Elke valse predikant, pastoor en priester is besig om met sy eie nuwe steroid rond te loop en mense uit te vang om kamstig nie meer as muise te leef nie, maar as leeus – God se leeus: jy moet die steroids God se “goddelike wil” inkry, God se “goddelike eer” in jou inspuit en god se “goddelike Naam” as opkikker vir jou eie naam gebruik.

Poeiers en steroids wat jou 'n kragtige en magtige skouperd en vegter van God sal maak!

10. Wat wil u vanoggend doen? Wil u Jesus se lydingsbeker saam met Hom drink, net soos sy dissipels? Wil u ook vanoggend net soos hulle vir God sê: “Ons kan! Ons kan net soos Jesus!”

Dan is u ook soos hulle mense wat spiere wil wys! God se krag vertoon om baas te speel oor mense. Humeurig en bakleierig met sondaars omdat hulle sondes doen en humeurig en bakleierig met goddeloses omdat hulle nie na God se wet luister nie.

Of wil u sy beker drink, die beker wat die Here vir u gee, nie sy lydingsbeker nie, maar die nagmaalsbeker?

Want met hierdie beker sal Hy u verseker Hy self in sy menswees vandag in die hemel, is U voedsel en drank! Hy is u losprys en Hy sluit u deur sy krag en mag as God self in in sy straf, oordeel, vloek en verwerping van u sondes waarvan Hy u loskoop. Hy self sluit U in in sy onskuld, regverdigheid en heiligheid as mens in die hemel in – sodat U as mens met God in sy liefde kan leef en Hom in sy liefde kan dien!

Wil u dit vandag minag as die lewe van God se muis: gesagvol in diens van God in sy liefde, onskuldig reg en heilig omdat u met geestelike steroids opgepomp is deur al die geestelike leiers van hierdie wêreld, om baas te speel vir God in God se plek as God se leeu?

11. Daar in vandag duisende geestelike variasies waarop die nagmaal wêreldwyd gebruik word, maar eintlik gaan dit net oor twee maniere – drink ons Jesus se lydingsbeker saam met Hom omdat ons glo ons kan, of drink ons die nagmaalsbeker wat Hy vir ons gegee het as teken dat Hy ons voedsel en drank is?

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

Wie Jesus se lydingsbeker saam met Hom drink, is hulle wat glo ons kan, ons kan doen wat Jesus doen, en heers soos Jesus heers. Ons is Leeus nie muise nie.

Wie Jesus se nagmaalsbeker drink, weet Hy is ons voedsel en drank om met God te leef en God te dien in sy liefde.

In die Rooms Katolieke Kerk is hierdie brood en wyn op die tafel God se steroids! Hulle glo dat hierdie brood word sy regtig Jesus se menslike vleis hier op die tafel wanneer ek die instellingsoorde van die Here herhaal “Dit is my liggaam, dit is vir julle” en “En die beker van die verbond is my bloed.” Dan word hierdie gewone brood en wyn regtig God se steroids en wanneer jy hierdie steroids inkry, kry jy die goddelike krag, mag en lewe van Jesus in jou! Dan word jy met hierdie goddelike steroids God se kragman en kragvrou.

Ons kan ook! Ons kan ook van Jesus 'n offer maak soos Hy van Homself 'n offer en losprys gemaak het op Golgota, en ons dit dit sommer hier in Levubu hier op die offertafel in die kerk! Ons maak Hom ons offer wat ons offer en ons kry sy goddelike krag, lewe en mag!

Ons kan sy lydingsbeker drink! Want ons het dit kunsmatige steroids gemaak!

Of ons kan soos al die Pinkster – Charismatiese geestelikes maak. Ons kan! Ons kan ook soos Jesus ons menslike hart, ons lewe, ons krag en naam vir God vanoggend opoffer vir God. Só kan ons sy lydingsbeker drink! En dan kan ons die brood en wyn gebruik as 'n fees saam met God waarin ons God se goddelike krag, mag, lewe, wil en Naam soos met Hom vier met 'n godsmaal. 'n Offer-ete saam met Jesus op trone!

Ons kan! Ons kan want ons is God se leeus, nie sy muise nie!

12. Of ons kan vanoggend sy beker drink wat Hy vir ons gegee het. Hy het die lydingsbeker gedrink sodat ons die nagmaalsbeker kan drink wat Hy vir ons gegee het.

'n Teken dat Hy ons geestelike voedsel en drank is omdat Hy ons losprys vir ons sondes is. Hy alleen ly, word gekruisig en sterf, omdat ons dit nie kan doen nie. Hy alleen dra die oordeel, die vloek en straf van God omdat ons dit nie saam met Hom kan doen nie. Hy alleen is die mens wie reg, goed, en heilig is omdat ons dit nie kan wees nie.

Daarom drink ons die nagmaalsbeker en eet ons die nagmaalsbrood, nie sy lydingsbeker nie!

Christus voed en laaf ons om met God te leef en Hom te dien

Want daarmee verseker Hy ons Hy het ons ingelyf in die gemeenskap van wie Hy as mens vandag in die hemel in ons plek is om alles wie Hy as mens is met ons te deel: ons is as mense vir God goed, omdat ons ingesluit is in hoe Hy vir God 'n goeie mens is, ons is vir God reg omdat ons ingesluit is in hoe Hy vir God 'n regverdige mens is en ons is vir God heilig omdat ons ingesluit is in hoe Hy vir God 'n volmaakte mens is.

En so is ons innerlike gesterk en gelaaf om met en vir God te leef – ons is sy onskuldige, regverdige en heilige kinders, nie sy muise of sy leeus nie, en so aanvaar Hy ook ons dienswerk vir Hom elke dag. Ons leef vir en werk vir God gesterk deur ons eenheid met die liggaam en die bloed van die Here in die hemel.

Hierdie teken wys ons ons is sy kinders en sal nooit sy leeus of muise wees nie. Kom ons vertrou die Here vir die lydingsbeker wat Hy gedrink het met die geloof: “Ons kan nie!” Kom ons gebruik die beker waarmee Hy ons verseker Hy is ons voedsel en drank!

Kom ons los die steroids! Die kunsmatige opkickers van die geestelikes van hierdie wêreld! Hulle gaan ons veglustig maak en ons in ons menswees vir God en ons naaste doodmaak!